# NG KERK REEBOK

# SONDAG, 22 MAART 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

***VYFDE SONDAG IN LYDENSTYD***

| | |
|---|---|
| **07:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens. |
| **Eredienste** | **08:00 Informele en 10:00 Tradisionele Erediens:**<br>**Kobus van Zyl** (*Bevestiging van Blokleier T1 tot T3 Kwartus Sieberhagen 10:00 diens)*<br>**Skriflesing**: Matt 6: 5-9a.<br>**Spesiale Deuroffer:** Jan Kriel Instituut<br>Digitale Uitsending **08:00** Erediens<br>https://youtube.com/live/kp_ggT34JRE?feature=share |
| **09:00** | ***KINDERKERK EN KATEGESE*** |

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir *koffie/tee en malvalekkers* tussen die twee eredienste.

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Dalene Cloete** (F3), wat vandag haar **86ste** verjaardag vier,
- **Bertie Venter** (F9), wat die 25ste Maart sy **80ste** verjaardag vier,
- **Chris du Plessis** (Buitewyk), wat die 26ste Maart sy **86ste** verjaardag vier,
- **Louw Kruger** (T7), wat die 27ste Maart sy **82ste** verjaardag vier.

*"Tot dit alles is ek in staat deur Hom wat my krag gee." Fil 4:13 (2020 vertaling)*

## PROGAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG: 23 MAART 2026**

**18:00** **Bybelskool** in die kerkgebou. Almal word na hierdie geleentheid genooi.

**WOENSDAG: 25 MAART 2026**

**18:00** **Gebedsgeleentheid** in die Gemeentesentrum.

**DONDERDAG: 26 MAART 2026**

**11:00 tot 12:00** **Bloeddrukkliniek** in die moederskamer, hierdie is 'n gratis diens.

## VOLGENDE SONDAG – 29 MAART 2026

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**09:00**

**Oggenderediens:** Chris de Wet
**Skriflesing:** Matteus 6:9-13
**Tema:** *"Die heiliging van sy Naam"*
**Spesiale Deuroffer:** *Gemeente Ontwikkelingsfonds*

**VERLOF VAN LERAARS EN AMPTENARE**
**Deon van den Berg: 25 tot 29 Maart 2026**
**Martina van den Berg: 1 April tot 7 April 2026**

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**REEBOK WYK R6 TOT R11**

- **Peet Diedericks** (R7), sterk aan na 'n heupvervanging.
- **Peet van der Merwe** (R10), sterk in die intensiewe sorgeenheid van George Medi-Clinic aan.
- **Elsabé Janse van Rensburg** (R10), sterk aan na 'n operasie in Grootte Schuur hospitaal.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5**

- *Innige simpatie aan **Joan van Rooyen** (F3) en familie met die heengaan van haar man **Naught** Sondagaand 15 Maart 2026. 'n Gedenkdiens vir hom vind Maandagoggend om 10:00 vanuit die kerk plaas.*

**FRAAI-UITSIG WYKE F6 TOT F10**

- **Sunita Botha** (F7), ondergaan toetse en is tuis siek.

## ALGEMENE INLIGTING

**Dek 'n Plek benodig jou hulp!**

Dek 'n Plek het verlede jaar 400 etes verskaf aan gemeentelede en aan behoeftiges deur die hande van gemeentelede. Die aanduiding is dat die behoefte kan verdubbel in 2026. **Ons het jou hulp nodig om van tyd tot tyd 'n ekstra porsie van jou maaltyd voor te berei en kerk toe te bring.**

***So werk dit***

Kry Sondae tussen dienste leë bakkies met 'n deksel by die vriendelike mense van die bediening buite die hoofingang van die kerk. Vries die ekstra maaltyd wat jy voorberei, bring die gevriesde ete(s) Sondag kerk toe en gee af by die bediening se stasie buite die kerk.
So maak ons 'n verskil in ons omgewing.



## 🎉 KERMIS DINGE 🎉

Die tafels is gedek! Die poedingtafel kom uit die land van melk en heuning! Die rook van die potjiekos-vure laat jou mond water van die honger! Skaap draai al op die spit en die koeke en terte is soos goue-medaljewenners by die Olimpiese Spele! Die kerrie-en-rys stof die Indiese kerrie van Durban uit en kermis-kelkies laat jou van al jou sorge vergeet! Die musiek sal jou voete laat dans en jou hart blymaak! Want hier is **'n makietie-fees** wat jy nie mag misloop nie....

Ons jaarlikse **Kermis skop op Saterdag 28 Maart** om **08:00** af met heerlike lekkernye by die koffiekroeg! Ook om 08:00 word die eerste pannekoeke gerol en die kindertafel is reg vir 'n soet-tand se jol!

Stiptelik om **09:00** moet jy uit jou wegspringblokke kom – *"if you snooze, you loose"*, want aan die einde van die reënboog wag groot koeke, kleinkoekies, terte, poedings, brood en beskuit. Jy sal die F1 se geruite vlag vir jou sien waai as jy jou aan die neus laat lei deur aroma's en geure van kerrie en rys, potjiekosse, skaap op die spit en allemintige-reuse-hamburgers en boepensbroodjies met skop!

Daar is 'n **Kermis-kelkie hoekie** waarby jy jou keel kan gaan natmaak. Die jongklomp gaan jou bederf met *heerlike 'n **fop-dop** (of is dit nou 'n **gladdejantjie**!?) wat jou voete onder jou sal uitslaan!!*

**Betaalpunte** gaan duidelik gemerk en uitgewys word. Jy kan op die volgende manière aankope doen:

- Kontant (is koning) by elke tafel.
- Ontvang koop nou-en-betaal-later met 'n 'skuldbriefie' by elke tafel en betaal met 'n sweepslag van jou plastiekkaart-fortuin by enige van die 6 betaalpunte.
- Snap-scan **("'n foto-deposito")** sal ook by die betaalpunte beskikbaar wees vir diegene wat dit verkies.

**Kom, vergeet van die oorlog en die petrolprys, die RNE en jou DNA, ....want ons is nie weenkluite (iemand wat altyd kla) nie, maar ons gaan 'n konsternasie-bollemakiesie-rondomtalie-mengelmoes-kardoes-ougat-fees-kermis hou! SIEN JOU DAAR! KOM NET, DÊMMIT!**

**REEBOK GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE**
**ABSA: TJEKRENING**
**NG KERK REEBOK**
**404 908 7902**
**TAKKODE 632005**
**Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief duidelik wees**, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan, kermis of enige ander saak.


NG KERK
HERBERTSDALE
PAASNAWEEK
FEES 4 APRIL 2026
Saterdag
Kom doen jou inkopies hier en geniet 'n heerlike oggend!
• Koffie en Pannekoek 08h00
• Etes 09h00
• Gebak 10h00
• Vleisverkope 11h00
PLAASLIKE VLEIS, VARS VRUGTE EN GROENTE, BRAAIVLEIS, KERRIE EN RYS, AFVAL, POEDING, PANNEKOEK, KOEK EN IETS VIR DIE KINDERS!
Sien jou daar!


NG KERK
REEBOK
JEUG UITREIK
2026
BIED AAN
Soirée van die
1950s
met
Blackie Swart
10 April 2026
om 19:00
Kleredrag: 1950s
Smul 'Roadhouse'
Kosse
BRING EIE DRINKGOED EN
GLASE
Kaartjies
beskikbaar by
kerkkantoor
R200
p.p.
WOW!
Cola

**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak.

<u>Nie u naam en van nie</u>.

Snap here to pay

SnapScan

[Besoek gerus ons Facebook by "NG Kerk Reebok"]

**WEBWERF** – www.ngkreebok.co.za

Gaan besoek gerus ons gemeente se webwerf en volg die *skakels* om Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang. *Kontak die Kerkkantoor vir hulp.*

*"Here, ons dank U vir hierdie kosbare lewe wat U vir 99 jaar bewaar het. Dankie vir die wysheid, liefde en geloof wat sy met ander gedeel het. Mag U haar steeds dra, haar hart vul met vrede, haar dae met vreugde, en haar familie met dankbaarheid. Laat haar altyd voel dat sy 'n kroon van genade en 'n getuienis van U trou is. Amen."*